

DIE ONTSTAAN VAN DIE “BLANKE KORRIDOR” TUSSEN DIE CISKEI EN TRANSKEI

J S Bergh
Universiteit van Stellenbosch

Gedurende die laat 1970's en vroeë 1980's, ten tyde van die onderhandelinge in verband met die konsolidasie en voorgenome onafhanklikwording van die Ciskei, is dikwels verwys na die sogenaamde Blanke Korridor tussen die Ciskei en Transkei. Daar is toe druk bespiegel oor hoe dié gebied deur konsolidasie en onafhanklikwording geraak sou word.

Sommige akademici het sterk standpunt ingeneem ten gunste van inlywing van die “Blanke Korridor” by die Ciskei, wat dorpe soos Queenstown, King William's Town en Oos-Londen sou insluit.¹ Hulle is gesteun deur 'n ondersoek wat deur die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing van die Universiteit Rhodes gedoen is en wat bevind het dat die Ciskei nie ekonomies lewensvatbaar sou wees sonder die inskakeling van die voorgenoemde dorpe nie.² Ciskeise politici het ook by verskeie geleenthede aanspraak gemaak op die “Blanke Korridor”. Die hoofminister van die Ciskei, kaptein Lennox Sebe, het onder meer gesê dat die onwilligheid van die Suid-Afrikaanse Regering om dié gebied af te staan 'n bewys is van hul wantroue in swart Suid-Afrikaners. By 'n ander geleentheid het hy weer die mening uitgespreek dat die grense van die “Blanke Korridor” arbitrêr is en dat die bestaan van dié gebied boonop histories nie regverdigbaar is nie. Ook die Ciskeise Minister van Landbou en Bosbou het verklaar dat dié gebied en die dorpe daarin aan die Ciskei behoort.³ Terwyl die Ciskei sy aansprake gestel het, het stemme in die Transkei opgegaan dat die “Blanke Korridor”, tesame met die Ciskei met die Transkei verenig moes word ten einde 'n superstaat van Xhosasprekendes te vorm.⁴

Die blanke inwoners van die “Blanke Korridor” het weer baie aktief daarvoor geagiteer dat hierdie gebied nie by die Ciskei of Transkei ingeskakel word nie en het aangedring op die opklaring van die onsekerheid wat daaroor bestaan het. Toe daar op 'n stadium sprake was dat King William's Town deel van die Ciskei sou word, het die inwoners van dié dorp hulle daarteen verset en in 'n plaaslike referendum oorweldigend daarteen gestem. Die Suid-Afrikaanse kabinet het kort daarna besluit dat King William's Town nie by die Ciskei ingelyf sou word nie.⁵

Dit val op dat by die meeste uitsprake oor die “Blanke Korridor” nie 'n poging aangewend is om korrekte historiese agtergrond oor die ontstaan daarvan te gee nie.

Alle argivale bronne waarna verwys is, berus in die Kaapse Argief.

1. *Daily Dispatch*, 15/5/1978 (Claim to the corridor).
2. *The Daily News*, 2/2/1979 (Study shows Ciskei totally dependent on whites).
3. *Eastern Province Herald*, 6/5/1978 (The Ciskei demand for land); *Daily Dispatch*, 1/6/1978 (Meeting told of white distrust) and 22/8/1978 (Editorial Opinion: Important session); *Rand Daily Mail*, 30/3/1979 ('White corridor' towns ours – Ciskei Minister); *Beeld*, 16/8/1979 (Grense arbitrêr) getrek, sê Sebe).
4. *Die Vaderland*, 6/3/1978 ('Verenig Ciskei, Transkei'); *Daily Dispatch*, 4/2/1981 (Matanzima urges South Africa: Don't give Ciskei self-rule).
5. *Daily Dispatch*, 25/4/1979 (No answer, Mr Botha!); *Die Afrikaner*, 22/6/1979 (Inwoners reageer woedend – Queenstown allig na die Swartes); *Daily Dispatch*, 16/1/1981 (King voters say No); *Beeld*, 17/4/1981 (King bly wit sê Kabinet).



Die hoofminister van die Ciskei het weliswaar by geleentheid verwys na die historiese aanspraak van die Ciskei op dié gebied, maar hy het dit toe nie verder toegelig nie.⁶

Die ontstaan van hierdie “Blanke Korridor” hang saam met blanke indringing in en vestiging op tradisionele swart gebied in veral die 19de eeu. Reeds in die eerste helfte van die 19de eeu het heelwat tradisionele grondgebied van die Xhosa en Thembu op dié wyse in blanke hande gekom. Nadat die Xhosa met die Vierde Grensoorlog (1811–1812) permanent uit die Suurveldgebied tussen die Boesmans- en Visrivier verdryf is,⁷ moes hulle ook ná die Vyfde Grensoorlog (1818–1819) die gebied tussen die Vis- en Keiskamma-Tyumerivier afstaan as sogenaamde Neutrale Gebied — deur goewerneur Somerset as “Ceded Territory” beskou (vgl Kaart 1). In die tydperk tot en met die Sesde Grensoorlog (1834–1835) het dele van die “Neutrale Gebied” tot by die Vis-Katrivier in blanke besit gekom, terwyl die Katrivier-nedersetting vir gekleurdes aan die bolope van die Katrivier tot stand gebring is⁸ (Kaart 2). Tydens die Sesde Grensoorlog het sir Benjamin D’Urban op 10 Mei 1835 die gebied tot by die Keirivier geannekseer en was van plan om op oop dele tussen gebiede wat aan swart stamme toegewys is, blankes te vestig.⁹ Omdat die Britse regering egter die anneksasie nie wou bekragtig nie, het hierdie eerste poging in die jare dertig om blankes tussen die Keiskamma- en Keirivier te vestig, misluk. In die plek van D’Urban se anneksasie is die “verdragstelsel” ingestel, in terme waarvan onder meer die Keiskamma-Tyumerivier, Katberg, Gaikakop, die Winterberge, die boloop van die Swart Keirivier, Renosterhoeknek en die Klaas Smitsrivier as grenslyn tussen die Kolonie en die Xhosa en Thembu vasgestel is. Die Xhosa en Mfengu (Fingo) is egter toegelaat om hulle op goed omskrywe gebiede in die “Ceded Territory” te vestig solank as wat hulle nie vyandelikhede veroorsaak of in opstand kom nie.¹⁰

Na afloop van die Sewende Grensoorlog (1846–1847) het sir Harry Smith belangrike wysigings in die grensgebied aangebring wat in sommige opsigte beskou kan word as die voorloper tot die ontstaan van die “Blanke Korridor”. Smith het naamlik die onafhanklikheid van die swart stamme ten weste van die Keirivier beëindig. Op 23 Desember 1847 het hy die gebied tussen die Keiskamma en Kei en verder noordwaarts tussen die Klipplaats- en Swart Keirivier tot ’n afsonderlike Britse kolonie Brits-Kafrarië geproklameer en onder Britse beheer gebring. In hierdie stadium is daar, afgesien van amptenare soldate, sendelinge en handelaars, nie blankes in dié gebied gevestig nie. Die grondgebied van elke stam in Brits-Kafrarië is trouens goed omskryf, maar die name van Britse graafskappe soos Bedfordshire, Yorkshire en Middlesex is op ’n kunsmatige wyse aan die stamgebiede toegeken. Soms, waar stam-

6. *Beeld*, 16/8/1979 (Grense arbitrêr getrek, sê Sebe).
7. G M Theal, *Records of the Cape Colony VIII: Extracts of a letter from Lieut. Col. Graham, 26/2/1812, pp 286–287, and Graham — Various Landdrosts, 20/3/1812, p 364.*
8. British Parl. Papers 503 ... Despatches ... Late Caffre War ...: A. Stockenstrom — Lord Glenelg, 8/3/1836, pp. 2–3; G M Theal, *Records of the Cape Colony XII: C Somerset — Earl Bathurst, 15/10/1819, pp 337–341 and Intelligence from the Camp on the Gwanga, 15/10/1819, pp 342–345; J C Visagie, Die Katriviernedersetting 1829–1839 (D. Litt. et Phil., Univ. S.A., Nov. 1979), pp 41 et seq., 105–123, 267A.*
9. G H, 34/7 H.G. Smith — D’Urban, 10/1/1836; British Parl. Papers, Caffre War and Death of Hintza ... Ordered to be Printed, 30/5/1836: B D’Urban — Earl of Aberdeen, 19/6/1835 and the enclosures, pp 15–57.
10. *Cape Government Gazette* Nos. 1642, 1643 and 1644 of 9/6/1837, 16/6/1837 and 23/6/1837: Treaties with Ngqika, Ndlambe, Mfengu and Thembu tribes on 5/12/1836, 10/12/1836 and 18/1/1837; M 1/562, C C Mitchel: Sketch of the Country ceded to the Amakosas, June 1837.

BLANKE BESETTING VAN SWART GRONDGEBIED SEDERT 1819





gebiede klein was, is meer as een saamgegroepeer vir 'n "graafskap", terwyl groot stamgebiede verdeel is in twee "graafskappe". Brits-Kaffrarië is verder vir administratiewe doeleindes in drie distrikte ingedeel, nl. die Thembu-gebied in die noorde en die Ngqika- en Ndlambe-distrikte. Ander stamme soos die Mbalu, Dange, Gasela, Ntinde en Gqunukhwebe was ook in laasgenoemde twee distrikte gevestig. 'n Hoofkommissaris en drie tot vier kommissarisse het onder die regstreekse toesig van die Goewerneur die administrasie behartig¹¹ (vgl Kaart 3).

'n Paar dae voor sy proklamasie in v m Brits-Kaffrarië het Smith op 17 Desember 1847 ook 'n nuwe grenslyn tussen die Kaapkolonie en die swart gebiede geproklameer wat die ooswaartse uitbreiding van blanke gebied meegebring het. Hierdie grens is op 5 Julie 1848 nóg verder ooswaarts verskuif. Die nuwe blanke distrik Victoria wat hier tot stand gekom het, was in twee dele verdeel. Die suidelike gedeelte was tussen die Vis-Katrivier en Keiskamme-Tyhumervier geleë, terwyl die noordelike deel tot aan die Stormberge gestrek het en die oostelike grens tot by die Wit Keirivier. Die distrik Fort Beaufort het die noordelike en suidelike dele van Victoria van mekaar geskei. Die feit dat die noordelike deel van Victoria onmiddellik noord van Brits-Kaffrarië tot sover oos as die Wit Keirivier ingewig het,¹² (vgl Kaart 3), het die toekomstige uitbreiding van 'n blanke korridor daarvandaan na die see vergemaklik. Na die Agste Grensoorlog (1850–1853) is daar inderdaad 'n verdere stap in dié rigting geneem toe die nuwe distrik Queenstown tot stand gekom het.

Die Thembu in die noordelike deel van Brits-Kaffrarië moes hul gebied prysgee omdat hulle in die oorlog teen die Britte geveg het. Die grootste deel van dié Thembu-gebied, tesame met die noordelike deel van die distrik Victoria, het in 1853 die nuwe distrik Queenstown geword. Die distrik Queenstown het ook die gebied oos van die Wit Keirivier tot by die Indwe-rivier ingesluit. Aangrensend aan die Indwe en binne die distrik Queenstown is 'n gebied (Glen Grey) vir lojaalgesinde Thembu aangewys¹³ (vgl Kaart 4).

Sir George Grey se oosgrensbeleid van 1854 af het baie bygedra tot die ontstaan van die "Blanke Korridor". Grey was ten gunste van die vestiging van blankes tussen die swartes om laasgenoemde te "beskaaf". In Oktober 1856, nog voordat die uitwerking van die sogenaamde Nasionale Selfmoordbeweging algemeen gevoel is, was daar, afgesien van die militêre personeel, reeds 949 blankes in Brits-Kaffrarië. Hulle was toe

11. *Cape Government Gazette* No. 2196 of 30/12/1847: Proclamation, 23/12/1847 and No. 2199 of 20/1/1848: Government Notice, 28/12/1847; B K 425, Instructions from the High Commissioner ... (December 1847); G H 14/1, J Maclean — J Montagu, 19/2/1847 and the enclosure (The T'Slambie District); J S Bergh, *Die Lewe van Charles Pacalt Brownlee* (D.Phil., U S Des. 1977), pp 144–147, 166; A E du Toit: *The Cape Frontier*, p 30.
12. *Cape Government Gazette* No. 2195 of 23/12/1847: Proclamation, 17/12/1847; No. 2196 of 30/12/1847: Proclamation, 23/12/1847; *Supplement to the Government Gazette*, 6/7/1848: Proclamation, 5/7/1848; *Supplement to the Government Gazette*, 15/2/1849: Proclamation, 14/2/1849; No. 2206 of 9/3/1848: Proclamation of 8/3/1848.
13. *Cape Government Gazette* No. 2455 of 9/12/1852: Two Proclamations of 22/11/1852; No. 2501 of 22/9/1853: Proclamation, 10/9/1853; No. 2510 of 27/11/1853: Proclamation, 10/11/1853; British Parl. Papers, Correspondence ... The Kafir Tribes and ... the Recent Outbreak on the Eastern Frontier ... Presented, 31/5/1853; G Catchcart — Secretary of State, 11/2/1853, pp 222–223 and Plan to Show the Boundary of the Tambookie Location, November 1852; *The Cape of Good Hope Almanac and Annual Register for 1857*: Division of Queenstown, p 250.



nog hoofsaaklik by King William's Town en ander militêre poste gevestig.¹⁴ Die gevolge van die "Nasionale Selfmoordbeweging" was egter waarskynlik die grootste enkele bydraende faktor tot die skepping van die "Blanke Korridor". Dit het die Xhosa weerloos gelaat teen verdere blanke indringing en oorheersing. Die mag van die kapteins was in belangrike opsigte geknou en groot dele was onvolk as gevolg van die groot aantal sterfgevallen en die migrasie van swartes na die Kolonie en elders. Grey het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om die grondgebiede van die kapteins Bothomani, Maqoma, Phatho en Mhala, wat baie aktief aan die "Selfmoordbeweging" deelgeneem het, te laat onteien en in blanke plase van ongeveer 1 500 acre elk te laat uitgee. Die kapteins se deelname aan die "beweging" of die feit dat sommige van hulle weens relatief ligte oortredings gevangenisstraf op Robbeneiland opgelê is, het dié drastiese optrede nouliks geregverdig. Dit het egter ingepas by die beleidsrigting van die Goewerneur.¹⁵

Net gedurende 1858 en 1859 is in die bogenoemde gebiede 317 plase opgemeet en aan blanke boere toegeken. Die opmeting en toekenning is soos volg gedoen: tussen die Keiskamma- en Tyholomnqa (Chalumna)-rivier 22 plase, tussen Tyholomnqa- en Gqunube-rivier 200, tussen die Gqunube- en Keirivier, maar noord van die "Lower Kei Road" 82 en in die voormalige gebied van Maqoma en Bothomani tussen die "Old Dohne Road" en die "Great Kei Road" 13 plase. Tussen die plase wat uitgegee is, is gebiede oopgelaat vir staatsgebruik, of om later in kleiner eenhede van 80 acre uit te gee of as kleiner lokasies vir Xhosa en/of Mfengu.¹⁶ Sommige van dié gebiede is verder uitgehou met die oog op die latere terugkeer van Xhosa, soos byvoorbeeld blykbaar die groot gebied tussen die Gqunube- en Keirivier en die "Lower Kei Road" en die see. Die blankes wat op die aangrensende gebied plase ontvang het, het egter later ten sterkste daarteen beswaar gemaak dat swartmense daar gevestig word. Hulle het toe selfs beweer dat sir George Grey hulle oorspronklik sou versoek het dat daardie gebied vir die vestiging van blankes bedoel was.¹⁷ Teen 1866 was daar blykbaar reeds 15 plase in dié gebied aan blankes uitgegee en is bereken dat nog 80 plase van ongeveer 2 000 acre elk daar uitgemeet sou kon word. Van die ander gebiede wat aanvanklik uitgehou is, was ook teen 1866 aan blankes uitgegee — dele van die kusstrook tussen die Buffels- en Nxarhuni(Nahoon)-rivier is in plote opgedeel en gegee aan soldate wat uit diens getree het, terwyl ook amper die hele kusgebied tussen die Goda-rivier en Oos-Londen in 80 acre-eenhede opgemeet was. Ook die sogenaamde Crown Reserve of Izeli-distrik

14. British Parl. Papers, Further Papers ... State of the Kaffir Tribes ... Presented, Aug. 1857; G Grey — H Labouchere, 18/10/1856, pp. 36—37 and Enclosure No. 1: British Kaffraria Census of European Population exclusive of Military, n.d.; G M Theal, *History of South Africa* (C Struik) vol. 7, pp 187, 192—193.

J S Bergh, *Die Lewe van Charles Pacalt Brownlee*, pp 517 *et seq*; A E du Toit, *The Cape Frontier*, pp 101—110, 118—120, 271; G H 30/4, G Grey — J Maclean, 14/2/1858; G H 8/35, Schedule 60 of 12/4/1858; G H 8/36, Schedule 146 of 22/11/1858; G H 8/36, Government Notice No. 29/1858, in Schedule 153 of 9/12/1858.

G H 8/35, Schedule 108 of 29/7/1858 with enclosures; G H 8/36, Schedule 140 of 4/10/1858 with enclosures; G H 8/37, Schedule 2 of 6/1/1859 with enclosures and Schedule 28 of 21/3/1859 with enclosures; G H 8/38, Schedule 36 of 18/4/1859; B K 17, J H Bryant — J Maclean, 11/12/1858; B K 18, J H Bryant — J Maclean, 17/6/1859 and 27/6/1859; and the maps in DSCBK 56.

G H 8/38, Schedule 36 of 18/4/1859; G H 8/22, Schedule 24 of 30/5/1865 and Schedule 30 of 4/7/1865 with enclosures; G H 18/11, J Gordon Sprigg — Wodehouse, 30/6/1865; *The King William's Town Gazette and Banner*, 19/6/1865 (Leader), 22/6/1865 (Komgha Public Meeting), 6/7/1865 (Land between the Gonubie and the Kei).

aan die bologe van die Keiskamma-, Tyhume- en Buffelsrivier was grotendeels beset deur veral Duitse immigrante en Mfengu¹⁸ (vgl Kaart 5).

As gevolg van die vestiging van die Duitse militêre setlaars en ander Duitse immigrante in Brits-Kaffrarië en die uitgee van plase aan koloniale boere, het die blanke bevolking van dié gebied vinnig toegeneem. In Desember 1858 was daar reeds 5 388 blankes in Brits-Kaffrarië en teen Desember 1865 5 847. Hoewel die Xhosa-bevolking van Brits-Kaffrarië aanvanklik, net na afloop van die "Selfmoordbeweging" skerp gedaal het, het dié getalle weer vinnig toegeneem van 38 500 in Desember 1858 tot 53 000 in Desember 1859 en 64 000 in Desember 1865. Dié toename kan toegeskryf word aan terugkeer van Xhosa wat tydelik elders heen uitgewyk het. Omdat heelwat voormalige Xhosa-grondgebied intussen vervreem is, was die bevolkingsdigtheid in die oorblywende swart gebiede in Brits-Kaffrarië baie hoog.¹⁹

Teen 1865 was die Ngqika-gebied aangrensend aan die Keirivier, maar ten weste daarvan, nog 'n belangrike hindernis in die voltooiing van 'n blanke korridor tussen Queenstown en Oos-Londen (vgl Kaart 5). In 1865 is daar 'n mislukte poging aangewend om ook dié gebied vir die vestiging van blankes beskikbaar te kry toe 'n aanbod aan die Ngqika gedoen is vir grondgebied ten ooste van die Keirivier in ruil daarvoor. Dié grond het tevore aan die Gcaleka behoort, maar hulle is na die "Selfmoordbeweging" ooswaarts oor die Mbashe-rivier verdryf. Nadat pogings misluk het om blankes tussen die Kei- en Mbashe-rivier te vestig, is die Gcaleka toegelaat om hulle weer op die suidwestelike deel van hul voormalige gebied, aangrensend aan die see, te vestig. Aan die Ngqika is toe die oorblywende Gcaleka-gebied beloof, maar hulle was nie bereid om daarheen te trek nie. Mfengu (Mfenguland/Fingoland) en Thembu (Emigrant Thembuland) is toe daar gevestig.²⁰

Die volgende geleentheid om die Ngqika-gebied in blanke hande te laat kom, het opgeduik met die Negende Grensoorlog (1877–1878). Die Gcaleka wat teen die koloniale magte geveg het, het ook vir onder meer die Ngqika onder Sandile oorreed om by hulle aan te sluit. Die Gcaleka is egter reeds in Maart 1878 verslaan, terwyl die Ngqika-weerstand in Mei/Junie 1878 beëindig is toe Sandile noodlottig gewond is. Na afloop van die oorlog is die Ngqika na die distrik Centane (Kentani) in Gcaleka-gebied verskuif, terwyl die Gcaleka toegelaat is om hulle weer in dié deel van hul gebied ten noordooste daarvan in die distrik Gatyana (Willowvale) te vestig. Ook die sowat 2 000 Ngqika onder die kapteins Feni en Kona en die raadsman Tyala wat nie aan die oorlog deelgeneem het nie en wat ten spyte van groot ontbering lojaal aan die koloniale owerheid gebly het, moes na die gebied oos van die Keirivier verskuif. Die Ngqika-gebied wes van die Kei is in blanke plase uitgegee.²¹ Hiermee het 'n groot aaneengeslote blanke grondgebied vanaf Queenstown tot by die see ontstaan (vgl Kaart 6) – die sogenaamde Blanke Korridor wat in ons eie tyd soveel bespreking uitlok.

18. C O 3094, M Jennings: Return of the Crown Lands and Forests in the Division of East London (included in M. Jennings – Colonial Secretary, 13/6/1866); C O 3095, R Taylor: Division of King William's Town Return of Crown Lands, 28/5/1866 (included in R Taylor – Colonial Secretary, 28/5/1866).
19. British Kaffrarian Government Notice No. 13 of 1859: Population Return British Kaffraria, 31/12/1858; G H 8/41, Schedule 50 of 24/5/1860: Population Return of British Kaffraria, 31/12/1859; B K 109: Population Return of British Kaffraria, 31/12/1865; A E du Toit, *The Cape Frontier*, pp 279–280.
20. A E du Toit, *The Cape Frontier*, pp 119, 150, 179, 192, 194, 202, 204, 207–212, 215–222.
21. N A 178, C Brownlee – Secretary for Native Affairs, 12/8/1878 and 13/8/1878; N A 158, W Wright – S N A, 12/7/1878 and 9/10/1878 and G H B Shaw – S N A, 20/9/1878; Cape Parl. Papers, G 33–'79, pp 110–117, and 167–177 and G 43–'79, pp 1–8 and G 13–'80, pp 156–161; C C Saunders. *The Annexation of the Transkeian Territories*, pp 59–68; C J Schoeman: *Die Negende Grensoorlog*, (M A-verhandeling, U P E, 1975); M 3/673: Gaika Location, 6/4/1889.

